# HET JY GEWEET?
# DAAR IS PERMANENTE REGULASIES VIR WATERGEBRUIK IN KAAPSTAD

Waterverordening-regulasies is verpligtend, selfs al is geen beperkings ingestel nie.

## Buitelug-watergebruik en grondwater

- Natlei word slegs voor 09:00 of na 18:00 toegelaat om verlies weens verdamping gedurende die hitte van die dag te verhoed. Tuinslange moet met 'n beheermeganisme soos 'n sproeistuk of outomatiese selfsluittoestel toegerus wees, dus iets wat die vloei sal stop. Dit geld vir natlei met munisipale drinkwater (wanneer toegelaat) en word ook vir alternatiewe water, bv. boorgat- en putwater, aanbeveel.
- Geoutomatiseerde besproeingstelsels (waar toegelaat) moet korrek geposisioneer en aangepas kan word om watervermorsing te voorkom.
- Tuinslange wat vir die was van voertuie, bote en woonwaens gebruik word (wanneer toegelaat) moet met 'n outomatiese selfsluittoestel toegerus wees.
- Harde oppervlakke of plaveisel mag nie met munisipale drinkwater afgespuit word nie. Watergebruikers soos abattoirs, voedselverwerkingsindustrieë, sorgfasiliteite, diereskuilings en ander industrieë of fasiliteite met spesiale behoeftes (slegs gesondheids-/veiligheidsverwant) moet om vrystelling aansoek doen.
- Buitekrane, buiten dié op residensiële eiendomme, moet beveilig word om ongemagtigde gebruik te voorkom.
- Die Stad beveel aan dat alternatiewe waterbronne soos boorgat- en putwater ook spaarsaam en doeltreffend gebruik moet word.

## Doeltreffendheid van krane, toilette en storte

- Die maksimum vloeitempo van nuwe en vervangde stortkoppe mag nie meer as 7 liter per minuut wees nie.
- Die maksimum vloeitempo van enige kraan by 'n wasbak mag nie meer as 6 liter per minuut wees nie.
- Die kapasiteit van nuwe of vervangde toiletspoelbakke mag nie meer as 6 liter wees nie.
- Handwasbakke en storte by openbare fasiliteite moet toegerus wees met krane wat water slegs op aan vraag voorsien.

## Swembaddens

- Alle swembaddens moet met 'n swembadbedekking bedek word om verdamping te verhoed wanneer dit nie gebruik word nie.
- Outomatiese opvulstelsels met 'n vlotklep wat water vanuit 'n munisipale drinkwaterhulpbron aan swem baddens en tuindammetjies voorsien, word nie toegelaat nie.

## Motorwasserye

- Kommersiële motorwasindustrieë moet voldoen aan bestepraktyknorme vir die industrie ten opsigte van watergebruik per motor gewas (bv. herwinning en hergebruik van minstens 50% van die water gebruik).

## Boupersele

- Munisipale drinkwater mag nie gebruik word om bousand en ander boumateriaal nat te maak om te verhoed dat dit wegwaai nie.

***Sien die Waterverordening, 2010 soos gewysig 2018 – Bylae 1 vir die presiese bewoording***

Ken jou waterregulasies en hou daarby. Vir nog inligting:
**www.capetown.gov.za/waterregulations**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**